trinitas

Baie welkom by Trinitas!
*Ons sien onsself as **'n verloste familie van diensknegte wat gestuur is**.*
Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!

1 Verlos

SONDAG 9 AUGUSTUS 2015

OGGEND 09:00

'n Droom word waar

Lees: Gen. 2: 4-25
Teksv: Gen. 2:23

Toe sê die mens: "Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek...."
(Dit is waar Vrouedag begin het.)

AAND 18:00

Preke beskikbaar in klank en teks by: www.gktrinitas.co.za

PROGRAM VIR DIE WEEK

Dinsdag 11 Augustus
Bybelstudie 19:00

Woensdag 12 Augustus
Bybelstudie 09:00

Gedagte



2 Familie

LIEF EN LEED
Dink in jou gebede aan hierdie lidmate:

- Dawid du Plessis (0833040977) is steeds in die hospitaal.
- Voorbidding word vir Franciska van der Merwe (0827818032) en gesin gevra. Sy is met Crohn's-sindroom gediagnoseer.
- Ons dink aan Griffel wat siek is met bronchitus.
- Erik Kuschke (082 595 9621) het 'n hartomleiding in Midvaal hospitaal ondergaan.
- Voorbidding word vir Hennie Kruger (0721243155) gevra wat vanaf Maandag vir twee weke bestraling ontvang.
- Hans Botes (0823350100) is ontslaan uit die hospitaal.

Laat weet asb. die kerkkantoor van siektes, swaarkry, asook van vreugdes.

VERJAARSDAE: HARTLIK GELUK!

09/08	Martie Slump	☎0836951398
10/08	André Duvenage	☎0837387368
10/08	Jossie Potgieter	☎0169319310
11/08	Lukas Coetzee	☎0831106029
12/08	Ria Collet	☎0729025382
12/08	Koos Grobler	☎0169334614
12/08	Anna-Marie Grobler	☎0791075363
12/08	Dudley Thompson	☎0169324904
13/08	Catharina Botes	☎0823350100
13/08	Yolandie Coetzee	☎0832805154
13/08	Richard du Toit	☎0824438342
13/08	Wessel Pieters	☎0782888648
13/08	Denise Viviers	☎0824473875
14/08	Curla du Plessis	☎0833040977

14/08	Ronald Victor	☎0788486363
15/08	Hermien de Bruyn	☎0787885243
15/08	Charlene vd Westhuizen	☎0795015902

SPESIALE VERJAARSDAE
10 Aug. André Duvenage, 81.
10 Aug. Jossie Potgieter, 80.
12 Aug. Koos Grobler, 89.

HUWELIKSHERDENKINGS
12 Aug. Chris en Amanda Vermaak, 48 jaar.

ATTESTATE/BEWYSE
Word afgekondig.

BYBELSTUDIE
Woensdagoggende om 09:00 by die kerk.
Dinsdagaande om 19:00 (Carterstraat 16).

NUWE LIDMATE
Die diakonie is aan die stuur van die Nuwe Lidmate-diensgroep. By die Welkomhoekie in die saal is 'n boek waarin jy al jou besonderhede kan aanteken.

HUISBESOEKVORMS
Indien jy graag huisbesoek wil ontvang van 'n ouderling, diaken of predikant, **voltooi die huisbesoekversoekbriefie wat by die deure beskikbaar is** en plaas dit in die kerkkantoor se rakkie of Die **Helper** se kassie by die kerk se hoofingang.

Dienskneg

ORRELBEGELEIDING
09:00 – Nannes vd Walt

OUDERLINGE AAN DIENS
09/08 – Pieter van Helden en André Moolman
16/08 – Gerrit van Wyk en Dolf Jonker

DIAKENS AAN DIENS
09/08 – Dewald Pieters (jnr) en André Smith

KOSTER AAN DIENS
09/08 – Theuns
16/08 – Elsa

DATABORDDIENS
Behartig deur die Tegniese span.

KOLLEKTES
Onder die erediens vir die Diakonale Kas
09/08 – Instandhouding van erediens
16/08 – Chris Buys-fonds

ONTVANG DIE PREEKTEKS PER E-POS
Stuur op Maandae 'n blanko e-pos na **preek@gktrinitas.co.za**. (Jy moet elke keer wat jy die preek wil hê 'n e-pos stuur). Die stelsel sal self binne 60 sekondes die preekteks vir jou aanstuur. Dis ten volle outomaties en werk 24/7. Kontak Hans van Wyk, 0828111990, vir inligting (*Preektekste sal Sondae na 12:00 op ons webblad beskikbaar wees).*

OPNAMES VAN EREDIENSTE OP CD
Indien jy 'n opname van 'n preek wil hê, kan 'n versoek aan die kerkkantoor of Hennie Smit, 0711063978, gerig word.

GEHOORAPPARATE
Gehoorapparate kan Sondagoggende agter in die kerk onder die trap gekry word.

BYBELS EN PSALMBOEKE
Maak gerus tydens die erediens gebruik van die Bybels en Psalmboeke op die tafel in die voorportaal. Lidmate wat wil, kan nog Bybels en groen Psalmboeke skenk en op die tafel plaas vir erediensgebruik.

TEESKINK
Daar is geen tee vandag nie. Sondag, 16 Augustus, skink Anita Markram se groepie. **Anette van der Walt, 0845334548, is die sameroeper van hierdie diensgroep.**

KLEUTERKERK
Kleuterkerk vind Sondagoggende saam met katkisasie plaas in die eerste klaskamer. Alle kleuters van 2-6 jaar is welkom. Mammas van tweejariges kan dit saam bywoon. Kontak Louise Venter, 0833022716, indien jy geroepe voel om deel te vorm van die Kleuterkerkspan.

DIE HELPER is 'n *diens* wat praktiese hulp met klein takies in en om die huis bied vir lidmate wat nie self daarmee kan regkom nie. Dit is tipies bedoel vir lidmate wat bv. verswak het, bejaard is of dames wat enkellopend is. Neem gerus die vrymoedigheid om gebruik te maak van **Die Helper**. Vir hulp of raad, los 'n briefie in die houtkis in die voorportaal of kontak André Smith 0844627830 of Lozanne Roos, 0823353539.

KRUIDENIERSWARE BENODIG
Indien jy 'n bydrae wil maak, kan jy volgens die onderstaande lys aankoop:
Suiker, pasta, bullybeef, koffie, tee, soja maalvleis, grondboontjiebotter, Pilchards vis, konfyt, melkpoeier, sout, bakedbeans, tamatie- en uiesmoor, blikkies gemengde groente, pakkies sop, rys, koekie Sunlight seep, toiletseep, toiletpapier, sjampoe, tandepasta, tandeborsels en waslappe. **(Plaas alle skenkings in die groot houer in die saal naby die kombuis –** Ons waardeer alle hulp opreg. Diakonie.)

DR. FRANS MINNIE
Dr. Frans Minnie (pastorale berader) is op **Maandae** beskikbaar by die kerk **slegs vir lidmate van Gereformeerde gemeentes.** Kontak die Kerkkantoor vir afsprake.
Donasies kan inbetaal word by:
FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04,
Takkode: 250-945.

4 Gestuur

ONDERSTEUNING VIR MADAGASKAR
"Naina en Fafa is sendelinge in Madagaskar wat ons ondersteun. Hulle het pas begin met hulle Bybelskool! Bid asb. vir hulle volharding en ander behoeftes met so 'n nuwe projek."
Op *Facebook* "Naina, Fafa and Mirado".
Indien jy 'n bydrae wil lewer:
Aksie Uitreik, ABSA, rek no. 9055971748.

HERWINNING
Die Here stuur ons om sy Skepping op te pas omdat dit Hom ook vir die wêreld wys. Kom laai gerus jou sak herwinbare materiaal af, daar is 'n werker wat dit sal sorteer, maar daar is ook instruksies wat presies sê wat in watter houer gegooi kan word. Moet asb. nie inkopiesakke bring

nie, dit word nie opgelaai nie en lê dan rond. (Oortollige inkopiesakke kan aan die diakonie of aan die kospakkie-diensgroep geskenk word.) Sakke met herwinnings-materiaal kan Maandae tot Vrydae tydens kantoorure of Sondae voor en na die eredienste afgelaai word by die herwinningsarea agter die katkisasie-lokale. Kontak Maureen van Helden, 0823922093.

THUTUZELA RAPE CRISIS CENTRE
Baie dankie aan die Duminy susters vir die 25 mooiste handgemaakte komberse wat aan hierdie projek geskenk is.
Indien u betrokke wil raak of meer inligting verlang, kontak my gerus.
Jackie Kleynjan, 0833814020.

KINDERSORG PIKININI WINTERPROJEK
Namens Kindersorg baie dankie aan elke lidmaat wat bygedra het tot die Pikinini Winterprojek. Die projek het ten doel om die ongeveer 460 pleegsorgkinders en 800 inloop kinders toe te draai in iets warms vir die winter. Finansiële bydraes word gebruik vir die aankoop van 'fleecy' lap @R25/m waaruit 4 serpe gesny en omgekap word. Die projek loop regdeur die jaar en alle bydraes word in Meimaand by Kindersorg uitgedeel. Kindersorg beplan 'n formele bal vir 10 Oktober 2015. Meer inligting volg later.
Groete: Jackie Kleynjan.

Trinitas CIA Christus in Aksie

Kontakpersoon:
Hardus Visser,
0828215642.

LOTUSLANDERS
Die volgende byeenkoms vind plaas op 11 Augustus 2015 om 09:30. 'The Craft Market' (tevore Creative Talents) word besoek. 'n Laat ontbyt sal geniet word by hul 'Cherry on the Top Coffee Shop'. Die gasspreker sal dr. Susan Coetzee van Rooy wees. Die onderwerp van bespreking handel oor 'Ons geliefde taal Afrikaans en die moderne nuwe generasie Afrikaans-sprekendes'. Almal wat belangstel om dit by te woon, is hartlik welkom. Ons vertrek vanaf die kerkgebou om 09:00 en die kombi sal ook ry.
Afsnydatum vir name deurgee is vandag.
Plekke moet bespreek word.
Kontak Babsie Jacobs 0836505227 of
Koos Jacobs 0839868135.

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR AUGUSTUS

- 10 Aug. Openbare vakansiedag
- 11 Aug. Lotuslanders byeenkoms
- 30 Aug. Nagmaal 09:00 en 19:00

GKSA NUUS

OP DIE KENNISGEWINGBORD
- FEBA Radio
- Geopende Deure; *opendoors.org.za*
- Kruispad nuus

BEROEPE ONTVANG
- Ds. RA Bain (Ronald) van Cachet na Pretoria-Alkantrant.
- Ds. PJ Venter (Petrus) van Pretoria na Vryburg.
- Ds. DG Zwemstra (Dinant) van Bloempark na Strand.

BEROEPE AANVAAR

- Ds. MJJ Erasmus [Boeta] van Wolmaransstad na Outjo/Biermanskool-kombinasie.

BEROEPE BEDANK

- Ds. MJ Erasmus (Thys) van Nelspruit na Pretoria-Alkantrant.
- Ds. AB van der Walt (Braam) van Lichtenburg na Eden.

KRUISPAD

Kruispad is die jeugtydskrif van die GKSA (www.kruispad.net). Dit bied toerusting aan jong, groeiende gelowiges om ingeligte keuses te maak wat tot geloofsgroei kan lei.
Kostes: R116 (gedruk)/R85 (elektronies). Stuur 'n e-pos aan kantoor@kruispad.net indien jy wil inteken of 'n artikel wil skryf.

FRANKFORT-RIVIERTOER

Die Frankfort-riviertoer, aangebied deur die GK Frankfort in samewerking met die Jeugdeputate van die GKSA, vind vanaf 2-6 Desember op Zorgvliet plaas (buitekant Tweeling). Inskrywings kan nou gedoen word.
Kyk op Facebook: www.facebook.com/riviertoer.frankfort of kontak Sanet Struwig 0730279181 of sanette.struwig@gmail.com vir meer besonderhede. (Elsabé het ook inskrywings by die kantoor, indien jy nie internetfasiliteite het nie.)

FAMILIE-PROJEK

Ons is baie bly oor die groot reaksie op die voorgestelde nuwe "Familie-projek"! Ons beplan gemaklike sitruimte, skadu teen die son en 'n speelarea vir die kinders. Die oorhoofse doel is om vir die nuwe oplewing in die gemeente sou gou as moontlik 'n gemaklike omgewing te gee om verder wortel te skiet. Dit gaan oor die nodigste fasiliteite wat dit vir almal lekkerder maak om langer te kuier en ons verhoudinge met mekaar te bevorder. Ook om besoekers gasvry te ontvang en maklik te laat inskakel. Die projek val daarom saam met die tweede deel van ons jaartema – Familie.
Ons wil vra dat as lidmate enige voorstelle het hoe ons die projek kan verbeter, hulle met Hardus Visser of enige ouderling sal gesels. Daar is reeds die basiese projekbuitelyn wat die nodigste wil regkry op die mees bekostigbare manier wat die kerkraad kon bedink. Daar is allerhande uitdagings om te oorweeg soos stormwaterafvoer, behoud van veeldoeligheid van die grasperk, toegang tot katkisasielokale, nut vir alle seisoene en dan ook bekostig-baarheid.
Natuurlik is daar altyd ruimte vir verbetering en ons hoor graag almal se insette. As daar iets is waaroor iemand dalk bekommerd mag wees, moedig ons hulle aan om navraag daaroor te doen of dit onder ons aandag te bring. Ook om jou hulp en kundigheid aan te bied, as jy dink jy kan help.
Ons wil graag as familie hierdie projek saam aanpak tot bevordering van ons roeping en Jesus eer in die manier waarop ons dit doen. Kom ons deel ons gedagtes en gawes vir hierdie verdienstelike projek!
Familie-groete: Griffel

DIENSWERK TOERUSTING

Die behoefte het ontstaan om die aandbyeenkoms-tydgleuf te verbreed na 'n meerdoelige bedieningsplatform. Een van die fokusareas is "Dienswerk Toerusting".

Doel:

- Toerus van almal wat dienswerk in die gemeente op een of ander area doen of wil doen sodat hulle dit met vrymoedigheid kan aanpak en self ook gevorm word daarvoor.
- Om 'n uniforme "houding/kultuur" of belyning binne die gemeente te verkry.
- Opleiding en belyning van groepleiers.
- Toerusting om die kultuur van dissipelskap te vestig, uit te brei en uit te leef.
- Geleentheid om te ontwikkel.

Voorstel:

- Een aandbyeenkoms per maand word benut as 'n Dienswerk Toerusting geleentheid.
- Die eerste geleentheid het verlede Sondag plaasgevind en het gefokus op toerusting vir medewerkers in die gemeente.
- Datums sal vir die res van die jaar gekies word en gekommunikeer word aan die kerkraad/gemeente.
- Die geleentheid sal as interaktiewe werkswinkels hanteer word.
- Spesifieke onderwerpe sal vooraf geïdentifiseer en deurgegee word aan die gemeente vir kennisname met die doel om die behoefte te skep om die sessies by te woon.
- Uitkomste van toerustinggeleenthede sal in die nuusbrief en op die webblad met die gemeente gedeel word.
- Behalwe vir gemeentelede wat geleentheid bywoon, word spesifieke individue/leiers "geteiken" en uitgenooi om seker te maak die toerusting word aan die regte persone oorgedra.

Kontak Corrie Botha 0833047680 en/of Griffel indien verdere inligting benodig word.

MEDEWERKERS

Dankie vir die lidmate wat reeds hul name opgegee het. Iemand sal jou binnekort kontak. Die wykslyste is in die saal teen die wit muur opgeplak en die betrokke ouderling word daarop aangetoon. Kontak gerus jou ouderling of Alan Brotherton, 0834685243, met enige vrae.

STAMROSE

Enige lidmate wat stamrose vir ons kerktuin kan skenk, kan vir Daan Smit kontak by 0835896185.

NAGMAALETE, 30 AUGUSTUS

Pik en Proe
Tyd: 12:00.
Bring 'n eenbakgereg, eie drinkgoed en eetgerei.
Skryf die gereg wat jy saambring, asook die aantal persone wat gaan bywoon (vir getalle vir nagereg) op die lys in die saal by die Welkomhoekie.
Die diakonie voorsien die nagereg.

KLASGEE IN POTCH OP DINSDAE

Liewe Trinitas, ek het die voorreg om vir die res van die jaar klas te mag gee by die

Teologiese Skool in Potchefstroom vir voornemende predikante. Ek staan tydelik in vir 'n Professor wat tot Desember met studieverlof is. Dit sal beteken dat ek Dinsdae in Potchefstroom gaan wees. Ek gaan klasgee vir die vierdejaarstudente wat besig is met hulle BTh Honneurs graad en vir die finalejaarstudente besig met hulle M.Div graad. Vir die vierdejaars bied ek 'n vak aan oor die Teologie van Godsdienste. Dit gaan oor hoe ons as Christene dink oor die bestaan van ander godsdienste en hoe om hulle te antwoord. Vir die finalejaarstudente bied ek 'n vak aan oor die roeping van die kerk in 'n stedelike konteks. Bid asb. vir ons studente wat voorberei moet word om in al hoe moeiliker omstandighede sterk te moet staan met die wonderlike evangelie!
Griffel

KONTAK ONS
www.gktrinitas.co.za
GKTrinitas
Kerkkantoor:
Elsabé Muller
☎0169825017 / 0724874258
kantoor@gktrinitas.co.za
Faks no.: 086 219 5728
Kerkkantoortye:
Maandag tot Donderdag
Tye: 08:00 tot 13:00
Vrydae: 08:00 tot 12:00 (Nuusbrief)
Skriba:
Gerrit van Wyk 0823328550
Kosters:
Theuns Odendaal 0832561387
Elsa Prinsloo 0794778699
Orrelis:
Nannes van der Walt 0833041841
Bankbesonderhede van kerk:
Rek. naam: Geref. Kerk Vanderbijlpark Trinitas
ABSA Tjekrekening 530340449
Predikant:
Griffel van Wyk
☎ 0169324615 / 0823543726
Adres: Ogilviestraat 6, SE2 Vanderbijlpark
e-pos: griffel@gktrinitas.co.za